

MEDIA24 SE VOLHOUBAARHEIDSBELEID

Laas hersien en goedgekeur op 17 November 2020

Inleiding

Hierdie beleid gee 'n uiteensetting van die benadering tot volhoubaarheid binne die Media24-groep. Dit is van toepassing op Media24 en sy filiale (gesamentlik die Media24-groep). Die Media24-groep is 'n toonaangewende mediagroep in Afrika wat op druk- en digitale media, boekuitgewery, televisieproduksie en e-handel fokus. Deur sy verskillende bedrywighede wil die groep van nut wees vir die gemeenskappe wat hy bedien.

Media24 gebruik klante-insigte om produkte te ontwikkel en te lewer wat inlig, vermaak, opvoed en gehore met mekaar verbind. Namate Media24 sy sakebedrywighede uitbrei, streef hy om by te dra tot die gemeenskappe waarin hy bedrywig is, sy eie mense te ontwikkel, tot algemene ekonomiese vooruitgang by te dra en sy impak op die omgewing te beperk.

Die term "volhoubaarheid" word in hierdie beleid as 'n sambreelterm gebruik om die begrippe volhoubare ontwikkeling, verantwoordelike korporatiewe burgerskap, die trippelkonteks¹, en omgewing-, maatskaplike en bestuurstoesig-sake oftewel OMB-sake in te sluit.

Doelwitte

Die doelwitte van hierdie beleid is:

- om die groep se volhoubaarheidsraamwerk en beginsels te omskryf en te boekstaaf;
- om uiteen te sit hoe volhoubaarheid in die groep beheer en bestuur word;
- om beste praktyke met betrekking tot volhoubaarheid in die hele groep te bevorder; en
- om die diversiteit van sakemodelle, hulpbronne, kultuur en regs- en regulatoriese vereistes binne die groep te akkommodeer.

Groepsverbintenisse

Ons erken dat volhoubaarheid:

- wêreldwyd 'n dringende saak is wat geleentheid en risiko's vir die groep se besigheid skep;

¹ Die trippelkonteks beteken die konteks van die ekonomie, samelewing en omgewing waarbinne die groep sake doen. [Omskrywing in die King IV-verslag oor Korporatiewe Bestuurstoesig vir Suid-Afrika, 2016.]

Hierdie is slegs 'n vertaling van die amptelike Engelse weergawe goedgekeur deur die Media24-direksies by die November 2020-vergaderings.

- onlosmaaklik verbonde is aan die Media24-groep se kerndoelwit, die risiko's en geleenthede waaraan die groep blootgestel is, sy strategie, sy sakemodel, en sy prestasie; en
- 'n belangrike komponent van die waardeskeppingsproses is.

Ons is toegewyd om volhoubare langtermynwaarde vir al ons belanghebbendes te skep.

Ons is toegewyd om in huidige behoeftes te voorsien sonder om toekomstige behoeftes uit die oog te verloor.

Hierdie toewyding word weerspieël in die Media24-groep se strewes, terwyl hy groei:

- om by te dra tot die gemeenskappe waarin hy werk;
- om sy werknemers te help ontwikkel en groei;
- om by te dra tot algemene ekonomiese voorspoed; en
- om sy impak op die omgewing tot die minimum te beperk.

Groepraamwerk

Ons maak erns met ons verantwoordelikheid in hierdie verband en die groep se volhoubaarheidsplan, wat deur die direksie goedgekeur is, weerspieël hierdie verbintenis deur spesifieke volhoubaarheidsdoelwitte te identifiseer en daarop te fokus. Die direksie hou toesig oor, en is uiteindelik verantwoordelik vir, volhoubaarheid en die vordering wat met betrekking tot die volhoubaarheidsplan gemaak word. Die risikokomitee en Naspers se maatskaplike, etiek- en volhoubaarheidskomitee help die direksie om hierdie verantwoordelikheid na te kom.

Die direksie sien toe dat prosesse in plek is om volhoubaarheidsrisiko's en -geleenthede voortspruitend uit die groep se werksaamhede te beoordeel en daarop te reageer.

As deel van sy toesig oor prestasie, oorweeg die direksie die algemene volhoubaarheid van die Media24-groep met betrekking tot sy solvensie en likiditeit, sy status as 'n lopende saak, en sy afhanklikheid van en impak op die ses kapitale. Die direksie deleger die toepassing van hierdie beleid aan die bestuurspan.

Ons hersiening van die groep se volhoubaarheid word elke jaar 'n al hoe belangriker deel van ons strategiese beplanningsproses.

Om seker te maak dat ons ons verbintenis tot volhoubaarheid nakom, sal ons:

- ons volhoubaarheidsbenadering deur navorsing, voorligting en interaksie verder ontwikkel en verfyn;

Hierdie is slegs 'n vertaling van die amptelike Engelse weergawe goedgekeur deur die Media24-direksies by die November 2020-vergaderings.

- die volhoubaarheidsrisiko's en -geleenthede oorweeg, gepaste doelwitte stel en ons vordering teenoor die doelwitte monitor;
- met beleggers en ander belanghebbendes oor volhoubaarheidsake skakel;
- die oorvleueling tussen OMB-verslagdoeningsvereistes en ander verslagdoeningsraamwerke ontleed en die toepaslikste verslagdoeningsraamwerke gebruik om ons openbare bekendmakings te ondersteun; en
- in ons geïntegreerde jaarverslag en aan ons risikokomitee, Naspers se maatskaplike, etiek- en volhoubaarheidskomitee, en aan die direksie verslag doen oor vordering.

Proporsionaliteit

'n Een-pas-almal-benadering tot bestuurstoedig is nie van pas nie, aangesien die besighede in die groep nie dieselfde mate van volwassenheid bereik het nie. Ons benadering tot volhoubaarheid neem dus die proporsionaliteit van die individuele besighede in ag, met verwysing na faktore soos hul grootte en personeel, bronne en die kompleksiteit van bedrywighede.

ONS VOLHOUBAARHEIDSBEGINSELS

Bestuurstoedig

Ons is verbind tot goeie bestuurstoedig en om verantwoordelik op te tree. Hierdie verbintenis begin by ons direksie en word in ons Kode vir Sake-etiek en -gedrag weerspieël, en deur die groep se rigsoere en beleide versterk.

- Ons doen sake in ooreenstemming met toepaslike wette en met die grootste agting vir etiese sakepraktyke (soos uiteengesit in ons Kode vir Sake-etiek en -gedrag). Hierdie kode word deur 'n wye verskeidenheid groepsbeleide ondersteun, wat handel oor: regsnakoming (insluitend beleide ten opsigte van omkoperij en korrupsie, mededingingsnakoming, sanksies en uitvoerbeheer); teistering; kommunikasie en beleggersverhoudinge; bestuurstoedig oor inligtingstegnologie en kubersekuriteit; dataprivaatheid; volhoubaarheid; belasting; finansiële bestuur; vergoeding; risikobestuur; handel in sekuriteite en fluitjieblasers. Ons groepwye regsnakomingsprogram is aangepas by die unieke risiko's en plaaslike wette wat op elke besigheid van toepassing is.

Die direksie, sy komitees en die direksies en komitees van filiale het die verantwoordelikheid om toe te sien dat toepaslike bestuurstoedig-praktyke in die groep gevestig is. 'n Gedissiplineerde rapporteringstruktuur verseker dat die direksie ten volle op hoogte gehou word van filiale se bedrywighede, risiko's en geleenthede.

Hierdie is slegs 'n vertaling van die amptelike Engelse weergawe goedgekeur deur die Media24-direksies by die November 2020-vergaderings.

Omgewing

Ons streef om ons impak op die omgewing tot die minimum te beperk en kritieke kwessies, insluitend klimaatsverandering en die verantwoordelike gebruik van natuurlike hulpbronne, aan te pak.

As deel van ons volhoubaarheidsplan en gereelde risikobeoordelings, ondersoek ons deurlopend die mate waarin omgewingsrisiko's ons werksaamhede raak en hoe beduidende risiko's verminder kan word.

- Ons belê in besighede wat 'n positiewe impak op die omgewing het.
- Ons meet ons koolstofvoetspoor om te verstaan hoe ons dit kan verminder. Ons doen in die openbaar verslag oor ons koolstofvoetspoor en neem jaarliks deel aan 'n auditproses om gerusstelling te verkry oor die inligting waarvoor verslag gedoen word.
- Ons het verskeie inisiatiewe in die hele groep onderneem om ons koolstofvoetspoor tot die minimum te beperk, waaronder die vermindering van koolstofvrystellings deur die gebruik van energiedoeltreffende kantore, werksaamhede en vlote.
- Ons verminder afvalmateriaal deur herwinning, die vermindering van enkelgebruik-plastiek, die gebruik van verpakkingsmateriaal wat herwin is, asook deur waterbesparing.
- Ons probeer ons verskaffers oortuig om 'n soortgelyke benadering met die lewering van materiaal en dienste aan ons te volg.
- Ons monitor nakoming van omgewingswette en -regulasies.

Maatskaplik

Ons is verbind tot verantwoordelike leierskap in die ontplooiing van tegnologie wat groot behoeftes in die samelewing aanpak, mense se lewens verbeter en die gemeenskappe waarin ons woon en werk, verryk.

Ons streef om die positiewe impak wat ons op die samelewing het terwyl ons ons besigheid uitbrei, te verhoog sodat mense se lewens verbeter kan word en gemeenskappe op sinvolle, volhoubare wyses floreer.

Hoe ons dit doen:

- Ons respekteer menseregte.
- Ons belê in plaaslike entrepreneurs, skep besigheid vir plaaslike verskaffers (veral voorheen benadeelde besighede), neem mense in diens en betaal aan regerings die belastinge en heffings wat hulle toekom.

Hierdie is slegs 'n vertaling van die amptelike Engelse weergawe goedgekeur deur die Media24-direksies by die November 2020-vergaderings.

- Ons moedig ons verskillende besighede aan en ondersteun hulle om korporatiewe maatskaplike verantwoordelikhedsinisiatiewe te onderneem wat 'n positiewe plaaslike impak het. Ons besighede is die beste geposisioneer om die regte korporatiewe maatskaplike verantwoordelikhedsinisiatiewe wat die grootste impak sal hê, te identifiseer en te ondersteun.
- Ons het verskeie korporatiewe maatskaplike verantwoordelikhedsinisiatiewe in die hele groep. Dit sluit ons eie inisiatiewe in, asook ondersteuning aan organisasies en vennootskappe op 'n plaaslike vlak om die gemeenskappe rondom ons besighede te ondersteun.
- Ons fokus daarop om plaaslike werknemers in diens te neem en plaaslike talent uit te bou. Ons gee aan ons mense sinvolle werk met die geleentheid om te leer en te groei in hul beroep, in 'n doelwitgedrewe omgewing waar hulle erkenning ontvang vir goeie werk en billike betaling kry in ooreenstemming met persoonlike en maatskappyprestasie.
- Ons onderskryf die Grondwet van Suid-Afrika en, binne ons mediabedryghede, die Perskode.
- Ons moedig ons werknemers aan om tot die volhoubaarheids- en innoveringsinisiatiewe in die groep by te dra.
- Ons streef om 'n inklusiewe werkplek te skep wat deur diversiteit gekenmerk word. Ons het 'n breë siening van diversiteit en inklusiwiteit en respekteer die waardigheid en menseregte van individue en gemeenskappe waarin die groep bedrywig is. Ons bevorder veilige verslagdoening en terugvoer oor kwessies ten opsigte van ons mense, prosesse en praktyke.
- Ons is verbind tot die gesondheid, veiligheid en welstand van ons mense: ons groei is afhanklik van hul vaardighede en hul welstand is van deurslaggewende belang vir die organisasie se volhoubaarheid. Met die oog hierop:
 - doen ons gereeld gesondheids- en veiligheidsrisiko-evaluerings by ons fasiliteite;
 - vereis ons dat ons besighede oor enige gesondheids- en veiligheidsverwante insidente verslag doen en dat gerapporteerde sake deur die groep se risikokomitee nagegaan word;
 - bevorder en moedig ons welstand aan, en verskeie van ons besighede bied verskillende voordele en programme, waaronder mediese fondsvoordele en welstand- en werknemerbystandprogramme, wat jaarlikse gesondheidsevaluerings van bestuur insluit;
 - laat ons, waar moontlik, buigsame werkreëlings toe om ons mense te help om 'n gesonde balans tussen werk en lewe te kry;
 - monitor ons deurlopend werknemers se reisrisiko's en ander kwessies en tref ons voorsorgmaatreëls waar nodig.

Hierdie is slegs 'n vertaling van die amptelike Engelse weergawe goedgekeur deur die Media24-direksies by die November 2020-vergaderings.

Verlagdoening

Media24 stel 'n geïntegreerde jaarverslag saam om te wys hoe die groep waarde skep en om insig te gee in die hulpbronne wat deur die groep gebruik word en verhoudinge wat deur die groep geraak word. In die verslag gebruik ons die "Ses Kapitale"-model om aan ons belanghebbendes te verduidelik hoe Media24 met verloop van tyd waarde skep.

Spesifieke inligting word openbaar gemaak ten opsigte van sake met betrekking tot volhoubaarheid en korporatiewe burgerskap, soos vereis deur King IV, toepaslike wette en regulasies. Die geïntegreerde jaarverslag word opgestel ter voldoening aan toepaslike raamwerke soos die Raamwerk van die Internasionale Raad op Geïntegreerde Verslagdoening en die Taakmag oor Klimaatverwante Finansiële Openbaarmakings, en wys hoe die groep tot die Verenigde Nasies se Volhoubare Ontwikkelingsdoelwitte bydra.

Media24 se direksie is verantwoordelik vir die integriteit van geïntegreerde verslagdoening en sien toe dat verslae wat deur Media24 uitgereik word, belanghebbendes in staat stel om 'n ingeligte oordeel te vorm oor Media24 se prestasie en sy vooruitsigte. Die risikokomitee en Naspers se maatskaplike, etiek- en volhoubaarheidskomitee hou toesig oor volhoubaarheidskwessies in die geïntegreerde verslag en sal die direksie met die hersiening help deur te verseker dat die inligting betroubaar is en dat dit met die finansiële resultate strook.

Die groep sal 'n gekombineerde gerusstellingsmodel gebruik om die integriteit van geïntegreerde verslagdoening te ondersteun. Eksterne verslae verskaf inligting oor die soort gerusstellingsproses wat gevolg is en is bykomend tot die onafhanklike eksterne menings wat ingevolge wetlike vereistes verskaf word.

Hierdie is slegs 'n vertaling van die amptelike Engelse weergawe goedgekeur deur die Media24-direksies by die November 2020-vergaderings.